# Die Sawanant

Somer - 2008




Vonkies uit 'n Kampvuur

SAWA – SUIDWES-KAAP

**McDonald** **Makelaars / Brokers**

FSB15826 Goedgekeurde Finansiële Diensverskaffer

Tel: (021) 919-7074
Faks: (021) 910-1792

E-pos: mcdonaldmkls@mweb.co.za


Spesiale aanbod aan Sawanante

Ons doen die volgende:

**Testamente en boedels**
**Eiendomsbeleggings**
**Lewens- en uitkeerversekering**
**Aftreebeplanning**
**Korttermynversekering**

Baie dankie aan die lede wat ons alreeds ondersteun

**John en Engela McDonald**




**WEST MAC**
**SERVICE CENTRE**

Avatara Kleinhoewe/Van Zyl`s Rus Kuilsrivier Tel. 021-9036700 24hr

Hiermee nooi ons u uit om ons werkswinkel te kom besoek vir uitstekende diens, en die beste gehalte werk beskikbaar.

Ons diens is reeds wel bekend onder ons kliente en ons sien uit daarna om vir U van diens te kan wees.

Vir SAWA lede bied ons 'n 10% afslag aan en aan al ons senior lede 'n verdere 5%. Maak nou gebruik van hierdie aanbod en kry u voertuig gereed vir die vakansie.

Wanneer u die adverteerder skakel – noem asb. dat u reageer op 'n advertensie in Die Sawanant.

# DieSawanant: Suidwes- Kaap

Uitgawe No. 2/08 Somer - 2008

**Inhoudsopgawe** **Bladsy**


Suidwes-Kaap Bestuur 2008/09 .......... 4
SAWA Erekode .......... 5
SAWA Erekode in Jeugtaal .......... 5
Voogdelys .......... 6
Oordenking .......... 7
Redaksioneel .......... 7
Uit die Voorsitter se Pen .......... 9
Toekennings – nog van die AJV .......... 10
Kampverslag – Hollandsche Molen .......... 10
Senior Kamp – Van Zyl's Rus .......... 12
Buitelug, Reis en Avontuur Ekspo .......... 13
Om 'n Loerie te wees .......... 16
Die Nasionale Kongres - Suidwes-Kaap toekennings .......... 17
Kampverslag - Yzerfontein .......... 20
Skakels van die Skakelbeampte .......... 23
Die Skim sê... .......... 24
Bestuurskamp .......... 24
Kleuterhoekie .......... 25
Jeugblad .......... 26
Kopkrapblad .......... 27
So kamp ons vriende in die verre Noorde - Noorweë .......... 28
Die reën in ons streek... .......... 33
Verjaarsdae .......... 34
Jeug Verjaardae .......... 34
Lief en Leed .......... 35
Briewe van ons lesers. .......... 35
Huldeblyk aan Hennie van Niekerk .......... 36
Kompetisie! .......... 37
Suidwes-Kaap se Volgende Kampe en Datums .......... 38
Gebied Goeie Hoop – 2008/09 Kampe en Datums .......... 39
Leer ken ons mede Suidwes-Kaap lede .......... 40
Mamma .......... 41
Uit die hart van 'n kind .......... 42
Sleep Resepte .......... 43

# Suidwes-Kaap Bestuur 2008/09

**Voorsitter**
Johan Oosthuizen
Posbus 4250, Old Oak, 7537
Tel (h): 021 919 1946
Faks: 021 949 1278
Sel: 082 739 0537
E-pos: oosthuizenjm@gmail.com

**Onder Voorsitter**
Pieter Henning
Seddonstraat 36, Parow, 7500
Tel (h): 021 930 3044
Tel (w): 021 440 4790
Sel: 082 339 3603
Faks: 021 421 4025
E-pos: pieterh@absa.co.za

**Sekretaresse**
Ohna Coetzee / Oosthuizen
Vilettestraat 21, Blomtuin, Bellville, 7530
Tel (h): 021 919 1946
Tel (w): 021 975 4495
Sel: 082 563 0100
Faks: 021 949 1278
E-pos: ohnacoetzee@gmail.com

**Penningmeester**
Johan Havenga
Kampstraat 5, Kuilsrivier, 7580
Tel (w): 021 940 2245
Sel: 083 222 6397
Faks: 021 940 2806
E-pos: johanh@transtel.co.za

**Skakelbeampte**
Martin Booker
Posbus 1210, Brackenfell, 7561
Tel (h): 021 982 0036
Tel (w): 021 903 6700
Sel: 083 293 5909
Faks: 021 903 6722
E-pos: westmac@telkomsa.net

**Jeug**
Karin Augustyn
Seddonstraat 36, Parow, 7500
Tel (h): 021 930 3044
Tel (w): 021 930 3044
Sel: 073 903 6942
E-pos: karin.a@iburst.co.za

**Seniorburger verteenwoordiger**
Dave Griessel
Tierbergweg 85, Parow, 7500
Tel (h): 021 930 4035
Sel: 072 875 4014

**Redakteur**
Niël Goslett
Koorsboomsingel 33, Vredekloof, Brackenfell, 7560
Tel (h): 021 981 2662
Tel (w): 021 888 2662
Faks: 021 888 2680 / 0866127 747
Sel: 083 305 7366
E-pos: dgoslett@csir.co.za

U is welkom om enige sake van SAWA belang onder die betrokke bestuurslid se aandag te bring. Stuur ook asb. gereeld nuusbrokkies vir die nuusblad.

# SAWA Erekode

Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie SAWA — South African Caravan Association SACA

Hiermee verbind ek myself en my gesin tot die Grondwet, asook die Riglyne en Gedragskode van die Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie.

Verder verbind ek myself tot die volgende:

1. Ek sal strewe om die Christelike grondslag van SAWA te bewaar en uit te lewe.

2. Ek sal SAWA dien sover ek kan en alles in my vermoë doen om ons assosiasie uit te brei.

3. Ek sal ons geliefde land se natuurskoon en sy fauna en flora beskerm en bewaar.

4. Ek sal poog om alle openbare geriewe en fasiliteite tot my beskikking so te benut dat ander gaste dit sonder ongerief kan gebruik.

5. Ek sal poog om in alle opsigte hoflik te wees, beleefd op te tree en bedagsaam te handel teenoor alle padgebruikers.

6. Ek sal daarop let om nie deur my gedrag die eer van SAWA te skend nie, maar sal poog om die agting van almal met wie ons in aanraking kom af te dwing.

# SAWA Erekode in Jeugtaal

1. Ek sal my bes probeer om Christelik op te tree teenoor al my maats.

2. Ek sal help waar ek kan en vir ander maats vertel van SAWA.

3. Ek sal nie bome of plante verniel of afpluk nie, en die diere en voëls beskerm en bewaar.

4. Ek sal nie in die toilette speel of mors nie want ander wil dit ook graag gebruik.

5. Ek sal met my SAWA maats vriendelik wees en nie met hulle baklei nie.

6. Ek sal nie lelike dinge doen sodat ander mense sê SAWA kinders is stout nie.

# Voogdelys

**Johan Oosthuizen:** Pierre & Marée Basson, Dries & Belinda Erasmus, Herman & Marieta Gerber, Peter & Anina Hardcastle, Sparus & Neel Nigrini, Hennie & Elize van Niekerk, John & Lee van Zyl, Maggie Wilson.

**Pieter Henning:** Marius & Hennieta Beukman, Willem & Wanda Blignaut, Tobias & Gerda Mostert, Carla Smit, Johan & Sonja Snyman, Petrus & Janine Theron, Chris & Myra Wessels.

**Ohna Coetzee / Oosthuizen:** Willem & Jakkie Conradie, Tinkie & Elize De Kock, Anton & Amanda Kruger, John & Engela McDonald, Johan & Hanlie Rossouw, André & Christa Schillig, Fanie & Alet Strydom, Gert & Therina Vermeulen.

**Johan Havenga:** Neville & Corna Du Raan, Dave & Koekie Griessel, Barend & Judith Hagen, Mike & Eurika Kirsten, Jan & Petru Meyer, Bennie & Surita Pienaar, Faul & Adrie Retief, Johnathan & Heidie Rowe.

**Martin Booker:** Pieter & Sonja Bandjes, Louis & Elsabe Havenga, Jean & Jenette Heyneke, Paul & Tertia Marais, Dennis & Louise Mitchell, John & Agnus Mitchell, Norman & Vera Niksch, Paul & Isabel Steyn.

**Karin Augustyn:** André & Elmarie Botha, Gerrit & Ilona Bruwer, Alec & Joan Foster, Evert & Hazel Lategan, Nelius & Mia Louw, Frans & Bettie Reinke, Tommie & Theresa Scheepers, Raymond & Tessa Williams.

**Niël Goslett:** Pieter & Spook Els, Bobby & Hanna Goslett, Hans & Tienie Havenga, Ron & Judy Hendra, Archie & Anette Mitchell, Marius & Belinda Mouton, Koos & Hendriena Oosthuizen, Wouter & Christelle Van Zyl.

**Dave Griessel:** & die Seniors.

**Feite:**

***Hoe word die voogdegroepe ingedeel?***

Die name van al die lede word in ŉ “hoed” (eintlik ŉ bak) gegooi en die bestuurslede trek beurtelings ŉ naam. Dus is die toedelings “blind” en onpartydig.

# Oordenking

## KERSFEES

*Luk 2 : 7 en sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom toegedraai in doeke en Hom in die krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.*

Kersfees bly die wonderlikste tyd van die jaar. Daar is soveel wat gebeur wat dit besonders maak. Gesinne kom saam en geniet die vrolike kindergesigte om die Kersboom. Hulle sing pragtige Kersliedere en lees weer die besondere Kersverhaal.

Kersfees wek baie aangename gevoelens op. Maar tussen alles deur moet ons een ding nooit vergeet nie, Kersfees was die begin van Jesus se lydensweg. Dit het begin by daardie lang reis wat Maria op die rug van 'n donkie moes aanpak, al was sy ver swanger. Op die ou end was daar net een plek waar Hy gebore kon word, … in 'n stal, die slaapplek van diere.

Tog het Jesus deur dit alles gegaan, want Hy is lief vir ons, te lief om ons verlore te sien gaan. Daarom het Hy, Sy Koninkryk prysgegee, en vir daardie nederige krip kans gesien en later ook die vernederende en angswekkende kruis.

En jy, wat maak jy met die kosbaarste geskenk van God die Vader aan ons?

Dankie Here Jesus, dat U vir my gebore is daardie eerste Kersfeesnag. Word hierdie Kersfees opnuut in my hart gebore. Amen

*Oordenking geskryf deur Willem Conradie.*

---

# Redaksioneel

*Deur Niël Goslett*

Nog 'n jaar nader sy einde en wat kan ons daarvoor wys? Hoeveel van ons vra onsself nie hierdie vraag soos die jaar sy einde nader nie?

**Elkeen van ons leef 'n redelike vol lewe…**

Nee, dink mooi. Elkeen van ons leef 'n redelike tot vol lewe – ons het vriende wat vir ons omgee, familie wat mekaar ondersteun en 'n gesin wat mekaar deur dik en dun kan dra. Dink 'n bietjie – as jy 'n spesiale tydjie saam met elkeen vir een dag in 'n jaar moet spandeer – gaan daar dan genoeg tyd wees? Ek glo nie. Jy gaan redelik besig wees – dalk nie 365 dae van die jaar nie, maar redelik baie daarvan. Jy sal dus nog ook kan rus – maar nie terwyl jy saam met SAWA kamp nie.

Neem nou maar ons kampe. Probeer om in een naweek by die ander lede en gaste uit te kom – net om gesig te wys – en siedaar – die naweek is heeltemal te kort. Ek het so 'n poging aangewend tydens die Hollandsche Molen kamp. Met die beste voorneme probeer ek net deur die kamp stap en gesig wys. Ag nee wat, vergeet maar. Jy val vas by die eerste klomp Loeries – en daar gaan al jou vooruitsigte van vinnige kuiers. Jy kuier so lekker dat jy selfs jou vleisbraai vir 'n oomblik vergeet. Om die draai kuier nog 'n groepie, en daar gaan die res van jou voorneme om net gou gesig te wys. Behalwe dat jy eers vol koffie en koekies gestop is, en daarna iets sterkers ingekry het, kom jy by jou blyplek aan - so slim soos 'n boom vol uile. Jou vrou en kinders is al bekommerd dat daar nie vannaand gebraai gaan word nie – maar jy het soveel om met haar te deel dat geen honger sandvlooi jou spoed gaan breek nie.

So, wat is dan nou so belangrik dat dit vir solank bespreek en debatteer moet word dat jou tyd uitloop?

## Ons wil met mekaar assosieer…

Dis juis die mooi en die lekker van die kuiertjies – jy hoef nie voorbereid en geïnhibeerd by iemand anders op te daag nie. Ons is Sawanante! Woonwakampering is die gemene samebindende faktor. Dis 'n leefwyse! Ons wil met mekaar assosieer – anders sou ons beslis nie saam gekamp het nie.

Behalwe die kuiers en die normale kampe was daar die afgelope tyd baie om te doen. Kom ons praat vir 'n oomblik net van SAWA en verwante aktiwiteite. Van die vorige uitgawe van Die Sawanant teen die begin van September totdat hierdie nuusbrief in November verskyn, is daar 'n streek kamp by Hollandsche Molen, 'n senior kamp by Van Zyl's Rus, 'n buitelug ekspo by Bien Donne met uitstalling van woonwa-, kamp- en buiteluglewe, 'n nasionale kongres by ATKV Buffelspoort, 'n streek kamp by Yzerfontein, 'n bestuurskamp by Bergrivier, en dan die Kerskamp by Mountain Breeze. As jy almal kan bybring gaan jy beslis 'n baie vol lewe begin lei.

So, as jy nie wil hê die jaar moet heeltemal onder jou uitglip sonder om jou lewe 'n bietjie voller te maak nie, stap rond, loer by jou buurman en die Loerie oorkant jou in. Met 'n vriendelike groet kan 'n gesprek aangeknoop word wat jou – en sy/haar lewe kan verryk.

## Baie dankie vir die positiewe terugvoer...

'n Laaste opmerking: Baie dankie vir die positiewe terugvoer, deelname en insette vir die nuusbrief. Dit maak die saamstel van die nuusbrief werklik 'n plesier as 'n mens moet begin sif om sekere insetsels nie te gebruik nie, want daar is net nie meer plek nie. Ons gaan 'n paar nuwighede inbring – lees maar noukeurig deur al die insetsels. Die adverteerders het ook baie vinnig na vore getree – baie dankie. Ek glo die Sawanante sal julle goed ondersteun. Aan elkeen wat 'n bydrae ingestuur het – baie dankie. Sover moontlik gebruik ek alles wat ek kry.

# Uit die Voorsitter se Pen

Die jaar staan nou vinnig einde toe. Te vinnig het hierdie jaar verby gesnel en daar was nog so baie wat ek wou gedoen het voor die einde van 2008. As jy ook in hierdie bootjie is of was, is dit nou amper te laat.

Aan alle Sawanante wat gedurende die jaar ons saamtrekke gereeld bygewoon het, elke lid wat 'n bydrae gemaak het en elke lid wat ons aktiwiteite gedurende die jaar gereeld ondersteun het, wil ek namens die bestuur, almal bedank. Sonder julle ondersteuning sal ons nie kan voortbestaan nie.

Suidwes-Kaap spog met nuwe aanwysingsborde en oulike dra-sakke en dit is alles moontlik gemaak deur borgskappe van ons eie lede. Ons dank dan ook aan Dries Erasmus, Oom Hans Havenga en ons borg wat verkies om anoniem te bly. Die bydrae het ons 'n groot bedrag geld gespaar.

Ons afgelope twee saamtrekke het ook weereens goeie bywonings syfers opgelewer (Hollandsche Molen 21 lede en een gas – Yzerfontein 27 lede). Kom ons kyk of ons gedurende 2009 daarop kan voortbou.

## 2009 vier ons die 40ste bestaanjaar van SAWA

Gedurende 2009 vier ons die 40-ste bestaanjaar van SAWA. Tydens die Kongres was 'n spesiale SAWA drag in SAWA kleure aan ons vertoon wat die 40 ste bestaansjaar uitbeeld. Suidwes-Kaap moet ook 'n streeksaamtrek reël waartydens ons 'n fondsinsameling gaan hou en die opbrengs aan die Presidentefonds gaan oorbetaal. Foto's van hierdie saamtrek gaan aangestuur word vir plasing op die SAWA Web-tuiste. Kom ons almal ondersteun hierdie saamtrek wat gedurende Januarie 2009 te Van Zyl's Rus beplan word.

Hierdie tyd van die jaar is ook tyd vir tot laat aand studeer. Aan al ons lede en kinders wat nou eksamen skryf, wil ons jul sterkte toewens en vertrou dat die uitslag bo verwagting sal wees.

Aan lede wat gedurende die groot dae op die pad gaan wees en êrens 'n vakansie gaan geniet wil ons 'n veilige reis en 'n wonderlike vakansie toewens

Aan elke lid en sy/haar familie wil ons 'n wonderlike feestyd toewens en mag 2009 vir elkeen 'n suksesvolle jaar wees.

Johan Oosthuizen

**Nuusbrief kostes:**

Die koste van die nuusbrief is **R50 per jaar** – dit loop van AJV tot AJV.

Die koste van die advertensies is steeds soos in die verlede (W/S: 1/4 blad R125, 1/2 blad R250, volblad R500. Kleur is 2x W/S koste) Die advertensies loop dan vir die res van die jaar tot die AJV. Dus, advertensies nou geplaas loop tot Augustus 2009. Sawanante kry afslag…

## Toekennings – nog van die AJV

Hier is 'n paar foto's van toekennings aan Suidwes-Kapenaars op die AJV wat oorgestaan het van die vorige nuusbrief.


Niël ontvang die SAWA 25 jaar toekenning van Peter Hardcastle namens sy ouers – Oom Bobby en Tannie Hanna Goslett.


Petrus Theron was die ontvanger van die SAWA Suidwes-Kaap man van die jaar.


Ohna was die ontvanger van die SAWA Gebied Goeie Hoop – vrou van die jaar.

Veelsgeluk aan julle almal – ons is trots op julle.

---

## Kampverslag – Hollandsche Molen

Ontvangers van toekennings by Hollandsche Molen:


Gert en Terina Vermeulen – 100% bywoning, verdienste en meriete toekenning vanaf AJV.


Pierre Basson – verdienste toekenning vanaf AJV.


Pieter en Spook Els - 10 streek.


Johan Rossouw – 25 algemeen.


Pieter Henning en Karin Augustyn - 30 streek.


Johan en Ohna Oosthuizen - 40 streek.


André en Christa Schillig - 50 streek en 50 algemeen.


Gert en Terina Vermeulen – 60 streek.


John en Engela McDonald - 175 algemeen.


Oom Dave en Tannie Koekie Griessel - 180 streek.


Dennis en Louise Mitchell - 210 streek.


Joanine Oosthuizen - een van die "suikerbekkies" – verdienste by AJV.


Oom Hans Havenga ontvang sy swartplaatjie – en word "voorgestel" aan sy eie seun Johan – wie hy per ongeluk nie herken het met sy aankoms by die kamp nie.


Die jongklomp het behoorlik ingelê met die stokbrood bak – by Christea Schillig se verjaarsdag.

Die koste van die nuusblad is **R50 per jaar** – van AJV tot AJV.
Wat gee dit jou: Nuus uit ons streek, gratis ¼ blad w/s advertensie, gratis te koop / te ruil brokkies, insette tot die blad, 'n kans op pryse en nog vele meer.

# Senior Kamp – Van Zyl's Rus

*Deur: Oom Dave Griessel*

Die Gebied Goeie Hoop senior kamp was gehou vanaf 3 tot 5 Oktober 2008 by Van Zyl's Rus – nog steeds een van die mooiste kampe in ons streek, en tog so gerieflik naby die stad.

Seniors van al die streke in Gebied Goeie Hoop was verteenwoordig in die groep van 29 woonwaens. Dertien van hierdie getal was van Suidwes-Kaap.

Vrydag-aand is almal deur Tannie Tossie Roux verwelkom – die senior verteenwoordiger van Gebied Goeie Hoop.


**Van Zyl's Rus se pragtige terrasse.**

Pieter Henning, Karen Augustyn en Tannie Sippie het Saterdag middag gesorg vir lekker oefening vir die seniors en die paar jonges wat gekamp het. Hulle het die kroukie en *boules* (staal balle) gekoordineer.

Saterdag aand was daar 'n heerlike beespotjie gemaak deur Oom Dave en Tannie Koekie Griessel. Hulle het vir al 72 mense gekook. Oom Tienie en Tannie Tossie het vir die rys en kaboemmiellies gesorg. Al

die seniors het gehelp met die skil van die groente. Die verskillende woonwaens het 'n slaai en poeding gebring vir die gesamentlike ete.



**Tannie Koekie besig met die potjie.**



**Oom Sparus en Tannie Neel Nigrini tydens die ete.**



**Judy Hendra en Annette Mitchell - twee nuwe Loeries, besig met hul stokkielekkers wat deel was van hul verwelkoming.**

Sondagoggend se diens is gelei deur Ds. Emile Kritzinger. Hy is 'n oud-Sawanant. Daarna is die gebruiklike tee gedink en saam gekuier.



**Oom Dan en Tannie Amie Rossouw van Helderberg en Tannie Anna Oosthuizen van Noord-Boland.**



**Oom Blikkies en Tannie Wanda Blignaut op hul BMW motorfiets.**

Oom Blikkies en Tannie Wanda Blignaut se seun het hul woonwa huistoe gesleep. Hier is hulle by hul motorfiets waarmee hul rondry as die geleentheid hom voordoen.

## Buitelug, Reis en Avontuur Ekspo

*Deur Niël Goslett*

Hierdie jaar se Buitelug, Reis en Avontuur Ekspo is weer gehou by Bien Donne, tussen die Paarl en Franchhoek.

Tracey Barber van Tygerberg Woonwaens was so gaaf om 'n paar kaartjies vir die

ekspo aan Die Sawanant beskikbaar te stel. Die kaartjies is op ons beurt weer aan lede van Suidwes-Kaap gegee wat reeds hul gelde vir Die Sawanant betaal het. Veelsgeluk aan Petrus en Janine Theron wat die ontvangers was van die kaartjies.




**Tygerberg Woonwaens se wenuitstalling op die Ekspo.**

Die Ekspo was die eerste geleentheid wat Kapenaars gehad het om die nuwe reeks Jurgens woonwaens te sien wat pas vrygestel is. Behalwe vir die kleurveranderinge is die grootste verandering die nuwe onderstelontwerp, asook die Fleetline se bed wat nie meer dwars geplaas is nie. Die woonwaens spog ook met ‘n paar klein veranderinge aan die kassies. Die wen-uitlegte is egter nie baie aan getorring nie.

Die reisuitstallings was baie goed gedoen en lyk baie aanloklik. Daar was verskeie streke wat tentoongestel is soos Zululand, die Tuinroete en ander. Van ons buurstreke was goed verteenwoordig. Route 62 het ‘n groot verskeidenheid verblyf en aktiwiteite kom bemark.



**Zululand se tentoonstelling**

Van ons buurlande was ook teenwoordig. Namibië het ŉ baie goeie stalletjie gehad en die aspirant reisiger kon kies en keur tussen die brosjures en kaarte op uitstalling.

## “going somewhere slowly”

Van Mosambiek was daar ŉ aantal oorde wat hul plekke bemark het. Barra Resorts het ŉ goeie uitstalling gehad wat hul oorde goed uitgebeeld het. Dit was ŉ ware lus vir die oog.




**Mosambiek se Barra Resorts...**

Ons het mos ŉ groepie fietsryers wat elke kampnaweek die wiele laat sing. Wel, daar was ŉ goeie uitstalling vir die aspirant reisiger wat die land en sy streke per fiets wil aandurf. Selfs die fiets en al sy benodigdhede was daar te koop. Dit is nou werklik ŉ goeie voorbeeld van “*going somewhere slowly*”.



**Reis met 'n fiets...**

Vir die persone wat iets wil sleep, maar (nog) nie 'n woonwa wil aanskaf nie was daar die oopvou kampwaens. In die 70's tot vroeë 80's was die kampwaens redelik gewild en ek het as kind baie daarvan gesien. Dit is weer besig om in gewildheid toe te neem. Sommige van die modelle word opgeslaan met die druk van 'n knoppie.



**'n Tent in 'n sleepwa.**

Die mees gewilde kampwaentjies is die sogenaamde "*off road*" sleepwaens wat deur die 4x4 manne gebruik word. Daar is omtrent 'n vorm vir elke smaak.

Die verpakking van die toerusting in die waentjies is veral iets om te sien. Elke moontlike stukkie toerusting het sy eie gaatjie en sponsie om dit te beskerm.



**Kampwaentjies was daar vele van...**



**Mevrou, so slaan jy dit op...**

**...as jy wil toer, dan wil jy nie sukkel nie.**

So nader aan ons woonwa kampeerders is die motorwoonwaens. Dit is seker enige kampeerder se droom om in een van die veelsydige motorwoonwaens 'n toer te onderneem. Ja, ek het al die storie gehoor van "waarmee gaan ek winkel toe" of "daar is minder spasie". Jong, as jy wil toer, dan wil jy nie sukkel nie.



**Jou bakkie se grootboeta.**

Sommige van die "kleiner" modelle wat geskik is vir 2 mense is deesdae gebou op groot onderstelle, soos die Hummer hierbo. Die modelle word ook meer en meer ingespan op die 4x4

roetes. Dan is daar nie die nodigheid vir die "*off road*" sleepwa nie.

Die manne met die kampbenodighede was ook daar. As jy tussen die verskillende selfsoek tv-antennas of portapotties (*dis nou die moderne pizzemers – Red*) wou kies – dan het jy hier die geleentheid gehad.




**Enige ekstra vir jou kamp...**

Voor ek nou weer afdwaal – die motorwoonwaens. Daarvan was daar 'n groot verskeidenheid. Van huuragentskappe – soos Maui & Britz - was daar en jy kon behoorlik sien wat jy sou kry en wat dit jou sou kos om een van die motorwoonwaens of 4 x 4 motorvoertuie te huur vir jou volgende toer deur die land.

Een van die interessante dinge wat ons geleer het was dat die oorsese besoekers 'n gemiddelde afstand van 500 km per dag aflê, en meer as een van ons buurlande besoek. Vir meer inligting oor hierdie nuwe avontuurlustige manier van vakansie hou besoek: www.maui.co.za of kontak Jean by britzcpt@iafrica.com .

Hul plaaslike depot is in Brackenfell. Kontak gerus vir Jean Holtshauzen vir 'n statige vakansie – 021 982 5107.



**O ja, en die motorwoonwaens...**

Dan ook: die motorwoonwa is nie net vir ons buitelandse besoekers nie. Al hoe meer plaaslike mense maak van die geriewe gebruik.

Van die verskaffers is ook bereid om jou bussie vir jou toe te rus met die toerusting van jou keuse, in die uitleg van jou keuse.



**Nog 'n droomwa vir Oupa en Ouma.**

Indien jy dus iets spesiaal soek waarmee jy jou huidige woonwa of kamptoerusting wil vervang, of soek vir 'n unike reiservaring, maak seker jy woon die volgende Buitelug, Reis en Avontuur Ekspo by.

# Om 'n Loerie te wees

*Deur: Oom Dave Griessel*

In Suidwes-Kaap word enige persoon wat die ouderdom van 55 jaar bereik, outomaties as senior lid beskou, en ons staan bekend as die Loeries. Onthou ons is nie ou mense nie, maar senior burgers wat jonk van gees is. Dit beteken ook nie dat al die Loeries bymekaar moet staan nie, nee elkeen staan by sy vriende soos vantevore.

Die persoon wat bevoorreg is om reeds afgetree te wees, kan met saamtrekke altyd 'n bietjie vroeër uitgaan. Vanaf Januarie 2009 beplan ons om meer as net saamtrekke by te woon, en die volgende is in die vooruitsig:

- Uitstappie na Kirstenbosch
- 'n Besoek aan die SAB
- Besoek aan Simonstad met 'n moontlike besoek aan die Vlootbasis
- Ontbyt by een van ons groot winkelsentrums
- Saamluister na ou grammofoon plate van toeka se dae
- Lekker saam tee drink by saamtrekke
- 'n Besoek aan die Chris Barnard museum

En nog vele meer…

Daar word ook twee senior burger saamtrekke vir 2009 beplan naamlik 29-30 April te Montagu, en 15-16 Oktober te Yzerfontein waar al die Loeries twee dae voor die amptelike saamtrek bymekaarkom en dan kwalifiseer vir 'n saamtrek plaatjie.


KOM!!!!! Waar is al die lede bo 55? (*Ek is nie – Red*.) Kom skakel in en ontvang jou Loerie kenteken. Let wel – ons wil niemand dwing om in te skakel nie, dit bly jou keuse.

Ons is ook nie 'n aparte groep nie, maar steeds lede van SAWA en neem aan al die normale aktiwiteite van saamtrekke deel en skakel in by die verskillende voogde.

Om senior status in SAWA te bereik en te kwalifiseer vir afslag op jou jaargeld moet jy 60 jaar oud wees.

**So sê 'n Loerie:** ... ek is g'n oud nie, ek het net baie meer ondervinding as meeste mense...

(*Oom Blikkies by die senior kamp op Van Zyl's Rus*)




**'n Nuwe Loerie – Tannie Sippie Henning.**

# Die Nasionale Kongres - Suidwes-Kaap toekennings

*Deur: Pieter Henning, foto's verskaf deur Peter Hardcastle*.

Donderdagaand om 10nm, 09 Oktober 2008 het Suidwes-Kaap lede met twee motors vertrek uit Kaapstad met Johan en Ohna Oosthuizen, Pieter Henning, Bobbie & Hanna Goslett, Paul & Isabel Steyn oppad na die kongres te Buffelspoort net buite

Rustenburg. Ander lede wat ons daar sou kry is: Dave & Koekie Griessel en Alec & Joan Foster. Ongelukkig kon Barend & Judith Hagen nie bywoon weens ander verpligtinge.

Daar is skaars vertrek toe van die passasiers begin hout saag soos daar geslaap word. Die ryery het goed afgeloop met min vertragings. Om veiligheidshalwe is daar besluit om elke 2-uur stil te hou vir koffie, en "body-break".

Padkos is altyd die eerste reëling wat getref word met voorbereiding vir so 'n trippie – en hierdie was geen uitsondering nie – gekookte eiers, frikkadelle, broodjies, tjips, sweets, ens. Alles wat sleg is vir jou!

## Daar is besluit om regdeur te ry...

Daar is besluit om regdeur te ry en net voor Klerksdorp, het ons twee karavane gekry op die pad – raai wie was dit? Die mini-konvooi van die Kaap – Dave, Koekie, Alec & Joan.

Dit was regtig lekker om by ons bestemming uit te kom – warmte en hitte het ons ontmoet – die warmte wat ons ontvang het van Kosmos Streek en die hitte van NW Provinsie.

## samesyn en gasvryheid...

Die samesyn en gasvryheid was opvallend die hele naweek deur. Spesiale dank aan die Kosmos Streek vir julle vriendelikheid en sorg. Hulle het regtig moeite gedoen – die naweek se skedule was vol verassings – gesamentlike braai Vrydagaand – steaks, boerewors, pap, sous en slaaie was volop. Lekker gedans ook daarna – met heerlike musiek.

Vroeg Saterdag-oggend is die twee SWK afgevaardigdes, Johan Oosthuizen en Pieter Henning, na die saal vir 'n foto-sessie, en daarna na die kongres-vergadering. Die vergadering was gelei deur die nasionale voorsitter Jurie Dreyer.

**Die Kongres:**

Besprekings-punte van die Kongres:
Die volgende wysigings aan die grondwet is bespreek en word hieronder aangehaal vir lede se kennisname:
2.1.5 Kworum by 'n Kongres
'n Kworum bestaan uit die helfte plus een (1) van die stemgeregtigde afgevaardigdes. Indien 'n kworum nie binne sestig (60) minute na die aanvangstyd van so 'n vergadering gevorm kan word nie, sal die aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum vorm.
2.2.6 Kworum by 'n Spesiale Nasionale Vergadering
'n Kworum sal bestaan uit die helfte plus een (1) van die stemgeregtigde lede. Indien 'n kworum nie binne sestig (60) minute na die aanvangstyd van so 'n vergadering gevorm kan word nie, sal die aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum vorm.

## Die nuwe webblad...

Die nuwe webblad is ook bekendgestel aan die kongreslede. Ledegelde is ook verhoog met 12% met die R10 afslag vir senior burgers en R10 vir betalings per

debietorders. Die aansluitingsfooi bly onveranderd op R100.

Die gasspreker van die oggend was Prof. Neels van Heerden wat met lof oor SAWA gepraat het. Hy het sy tema van sy toespraak gebaseer op die SAWA naam se letters: Statistiek, Advertensies, Werk agter die skerms en Assosiasie (verslag beskikbaar by Voorsitter en onder-Voorsitter

**Toekennings:**

Tydens 'n glansryke geleentheid is die volgende toekennings aan ons lede oorhandig:
Nasionale Meriete:

- Paul & Isabel Steyn
- Alec & Joan Foster
- Dave & Koekie Griessel
- Bobby & Hanna Goslett
- Barend & Judith Havenga

Ere Lidmaatskap:

- Alec & Joan Foster



**Oom Alec en Tannie Joan Foster – Nasionale Meriete**



**Oom Bobby en Tannie Hanna Goslett – Nasionale Meriete**



**Tannie Koekie en Oom Dave Griessel – Nasionale Meriete**



**Isabel en Paul Steyn - Nasionale Meriete**



**Karin en Pieter deel 'n ligte oomblik met 'n mede kongresganger.**




**Hoogste toekennigs: Oom Alec en Tannie Joan Foster - Erelede**

Toekennings wat ook na Gebied Goeie Hoop gekom het, is:
Foto van die Jaar en Beste bydrae tot die Webblad (Corrie Schmiedeskamp - Albatros),
die Beste Nuusbrief (Elza Hayes - Helderberg)

SAWA vier sy 40ste bestaansjaar gedurende 2009 en tydens voorsitterstee na die Sondag-oggend erediens het Kiepersol se lede 'n modeparade gehou om die voorgestelde nuwe klubklere te vertoon. Suidwes-Kaap streek is versoek om 'n fondsinsameling te hou vir die Nasionale kas. Die komitee sal jou idees verwelkom.



**Oom Alec en Tannie Joan Foster, Tannie Koekkie en Oom Dave Griessel saam met Reinette en Lappies Labuschachne van streek Seemeeu.**

Na 'n heerlike ontbyt is daar gegroet van vele ou en nuwe kennisse en die lang pad huistoe…

Nie minder nie as driekeer is my se voertuig gestop deur verskeie verkeerspolisie – dalk staan die letters B-M-W vir "stop almal Behalwe My Wa" maar Paul is nie eenkeer gestop nie!

Ons het lekker oornag te Britstown en na 'n ontbyt in Drie Susters waar die Vier Susters baljaar het, is ons rustig op pad en het veilig ons bestemming bereik.

---

# Kampverslag - Yzerfontein

*Deur: Ohna Oosthuizen*

Vrydag, 27 Oktober 2008, was 'n heerlike dag hier in die Kaap. Daar was al vroeg in die week besluit dat ons redelike vroeg sal vertrek maar net nadat ons klaar gepak het en reg was om te hak, het ons vinnig 'n besoeker gekry met die gevolg dat ons eers om ongeveer 15:30 kon wegkom.

Met die wind van agter het ons lekker gesleep tot by Yzerfontein. Met ons aankoms aldaar was daar al heelwat woonwaens. Oom Dave, Tannie Koekie, Oom Alec en Tannie Joan was ook alreeds opgeslaan nadat hulle al die pad terug getoer het vanaf Gauteng.

Net na boekevat is die vure aangesteek en was daar lekker oor en weer gekuier tussen al die woonwaens.



**Oom Frans Reinke en Oom Sparus Nigrini besig om hul vuur ook reg te kry.**

Saterdagoggend vroeg was die dorp deur vyf lede op hul fietse verken. Sommer vroeg-oggend kon ons voel dat ons weer 'n wonderlike sonskyn dag gaan beleef. Sommige lede het gaan partytjie hou terwyl my voogdegroep hul gereed gemaak het om die groente

en vleis vir die "Stirfry" reg te kry. Omstreeks 12:30 het ons begin verkoop en so 'n bakkie "Stirfry" met rys was nou regtig gelykstaande aan 'n volledige ete. Ons sê baie dankie aan al die helpers en ondersteuners. 'n Bedrag van R520.00 is oorbetaal aan die Penningmeester.

Saterdagaand na boekevat was dit weer die vure wat aangesteek was en weer net lekker tussen al die bure gaan kuier. Saterdagaand het 'n kouefront ons genader en moes die meeste lede na hul truie gaan soek, maar dit het nie die gees gedemp nie en daar was tot laat aand om die kampvure gesit.



**Koos Oosthuizen: Dis snoektyd in die Kaap!** **Foto: Petrus Theron**



**Oom Hans Havenga en Oom Chris Wessels - iemand vir chips?**
**Foto: Petrus Theron**



**Leon Goslett en Martin Booker besig met hul vuur.**



**Die groepie wag vir die sonsondergang - drankie in die hand, voete in die sand...** **Foto: Petrus Theron**

Sondagoggend was dit erg mistig en koud. Weer was daar op die fietse geklim en so 'n entjie gaan ry. Met ons terugkeer na die oord was daar net genoeg tyd vir 'n vinnige stort en toe kerk. Dankie ook aan ons lede wat die boekevat en kerk waargeneem het. Elkeen het 'n pragtige boodskap gebring en bewys dat daar baie talent in ons klub is.

Sondagmiddag was daar maar traag opgepak en die terugtog eers laat begin. 'n Totaal van 27 lede het die saamtrek bygewoon en dit is maar net weereens 'n bewys dat die gees nog reg is in Suidwes-Kaap.



**Besig om mossels voor te berei – Jannel Theron en Xandrie Maritz.**
**Foto: Petrus Theron**



**Petrus se brood-oondjie - altyd 'n betroubare wenner.** **Foto: Petrus Theron**



**Sonsondergang in Yzerfontein - altyd 'n wenner.**




**Volgende jaar draai ons weer hier af, vir 'n heerlike kampnaweek.**

## Toekennings tydens die kamp:



**Louis en Elsabe Havenga ontvang hul streek toekenning.**



**Petrus en Janine Theron—60 streek toekenning.**



**Engela en John McDonald - 170 streek.**



**Tannie Joan en Oom Alec Foster - 175 algemeen.**



**Paul en Isabel Steyn—175 algemeen.**



**Tannie Myra en Oom Chris Wessels—5 in 'n ry.**



**Elsabe en Louis Havenga—verdienste.**



**Adri en Johan Havenga—100 streek.**



**Therina en Gert Vermeulen—Kampleiers vir Yzerfontein.**

# Skakels van die Skakelbeampte

*Deur: Martin Booker*

Liewe Suidwes-Kapenaars

Hierdie keer wil ek my skakels anders doen en ek hoop nie dat daar op enige tone getrap gaan word nie.

## SAWA is trots op ons tradisie en gebruike.

Ons by SAWA is trots op ons tradisie en gebruike. Dit kan ons jaarliks sien by die AJV en die Kongres. Dit is die tye wat ons kan "uit hang".

Maar met ekonomiese tye wat verander en veral die feit dat ons so ver van groot byeenkomste soos die Kongres en die Presidente saamtrek is, word dit baie moeiliker vir ons lede om hierdie byeenkomste by te woon.

Dit is byna onmoontlik om kriteria op te stel waarvolgens daar gekyk kan word na een of ander manier van finansiële hulp aan lede wat dit nie kan bekostig om hierdie groot geleenthede by te woon nie. Lets face it, wie van ons sal nou regtig erken ons kan nie finansieel uitkom

nie. Dan is daar die probleem van bepaling in hoe 'n mate ons hulp kan verleen sonder om 'n president te skep.

Die vraag is, wat kan ons doen om hierdie situasie te verbeter.

Ek persoonlik voel baie sterk dat daar gekyk moet word na die moontlikheid van 'n jaarlikse saamtrek wat ook die gebiede wat ver van die Kongres is, kan die geleentheid bied om so 'n groot saamtrek mee te maak.

Nou sal daar dadelik gesê word maar ons het die Nasionaal. Maar dit is slegs 'n Gebieds aangeleentheid. Is dit nie tyd dat ons as Gebied begin gesels met die Gebiede aangrensend tot ons en gedagtes begin wissel oor 'n saamtrek meer sentraal vir almal nie. Die gemeenskaplike woord hier is sentraal. Ou Skip is bv. glad nie sentraal in ons gebied nie, maar tog is almal Ou Skip verslaaf. Vat nou maar die Bestuurskamp as voorbeeld. (Ek het mos iets gesê van tone vroeër?)

### Insette asb.

Ek sal graag die lede se menings en ook insette hieroor (bedoelende die Sentrale Saamtrek - daar het hy sommer al klaar 'n benaming) wil hoor. By Pieter Henning se wa staan die voorstelle kissie. Kom ons gebruik hom, of kom stap oor en kom gesels hieroor. Ek voel dit is tyd vir so 'n bietjie uit ons boks uitklim. Is daar enige sekondante?

'n Mooi SAWA naweek vir U almal.

## Die Skim sê...

Die SAWANANT het baie betroubaar verneem dat Die Skim reeds doenig is met sy reëlings vir die skimkamp! Selfs met forensiese ondersoekende verslaggewing kon die redakteur slegs die volgende inligting bekom: "Maak seker die naweek (20 – 22 Februarie 2009) is aangeteken in jul dagboek – julle gaan baie spyt wees indien julle dit mis..."

Aangesien die volgende Die SAWANANT slegs oor die verloop van die Skimkamp verslag gaan doen, moet julle asb. noukeurig let op enige leidrade wat die skim iewers gee tydens die volgende kampe.

## Bestuurskamp

Gebied Goeie Hoop se bestuurskamp was die naweek van 31 Oktober tot 2 November 2008 te Bergrivieroord gehou. Tydens die kamp is al die bestuurslede van die onderskeie streke touwys gemaak met hul pligte en verantwoordelikhede.

Ons gelukwense aan Pieter Henning wat verkies is as die ondervoorsitter van Gebied Goeie Hoop. Alle voorspoed vir jou nuwe taak.




**Onderskeie groepies besig om hul bestuurspligte te bespreek.**

## Kleuterhoekie

# Onder 10

Kleur die blokkies met die kolletjies in – wie gaan kom kuier?




# Jeugblad

# Tieners!

*Van Karen Augustyn:*

**Wysheid vir die Jeug**



'n Vrou het buite haar huis 3 ou mans met lang wit baarde gekry. Hulle was nie aan haar bekend nie. Sy sê toe: "Ek ken nie vir julle nie, maar julle moet honger wees. Kom asseblief in en eet saam met ons".
Hulle vra toe: "Is u man tuis?"
"Nee hy is nie."
"Dan kan ons nie inkom nie."
Toe haar man tuis kom sê sy vir hom wat gebeur het.
"Gaan nooi hulle in."
Sy is toe na buite en nooi hulle in.
"Ons kan nie saam in 'n huis ingaan nie."
"Hoekom?"
Een van die ou mans sê toe: "Sy naam is Rykdom" en wys na een van sy vriende en die ander een sê: "Hy is Sukses en ek is Liefde". Toe sê hy verder: "Nou gaan besluit saam met jou man watter een van ons wil jy in julle huis hê. "
Die vrou het toe vir haar man vertel wat hulle gesê het. Haar man was baie bly en sê toe "dis fantasties, kom ons nooi Rykdom in en maak ons huis vol weelde"
Die vrou vra toe: "Kom ons nooi eerder vir Sukses." Hulle skoondogter het die bespreking gehoor en vra toe: "Moet ons nie eerder Liefde innooi? Ons huis sal vol liefde wees."
"Kom ons luister na ons skoondogter se raad." sê die man toe aan sy vrou. "Gaan uit en nooi Liefde in om ons gas te wees."
Die vrou gaan toe na buite en vra die drie mans: "Wie van julle is Liefde? Kom asseblief binne en wees ons gas."
Liefde staan toe op en loop in die huis se rigting. Die ander twee staan toe ook op en volg hom. Die vrou vra toe verbaas: "Ek het net Liefde ingenooi, hoekom kom julle almal saam?"
Die ou mans antwoord toe saam: "As jy Weelde of Sukses ingenooi het, sou die ander twee buite gebly het, maar aangesien jy Liefde ingenooi, waar ookal hy gaan, gaan ons ook saam." Waar daar Liefde is, is daar ook Weelde en Sukses!!!
My wens vir julle...
Waar daar pyn is, ek wens jou vrede.
Waar daar twyfel is, wens ek jou selfvertroue in jou vermoëns om daardeur te werk.
Waar daar moegheid is, wens ek jou verstandigheid, geduld en hernude krag.
Wanneer jy bang is, wens ek jou liefde en krag.

---

**Ons is op die internet!** Gaan kyk by www.sawa.org.za
Daarna gaan jy na Goeie Hoop op die linker-kantkieslys, daaronder is Suidwes-Kaap. Al ons artikels en nuusbriewe word daar gepubliseer.

Ons Sawanante ondersteun ook die foto's en die kompetisie op die webblad baie goed.

# Kopkrapblad

**Die Sawanant Sudoku**

Die hoeveelheid is verminder om meer skryfspasie te gee – meer Loerievriendelik.

**Slim Loerie (Nagmerrie)**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | | 8 | | 1 | | | | |
| | | | | | 5 | | | 4 |
| | | | | 6 | | 2 | | |
| | | | | | | | 7 | |
| | 3 | 7 | | 9 | | 4 | 8 | |
| | 9 | 2 | | 8 | | 6 | | |
| | 8 | | | 5 | | 7 | | 1 |
| 5 | | 6 | 3 | | | | 4 | |
| | | 1 | 9 | 7 | | | | |

Hierdie een is spesiaal vir Ohna en Oom Blikkies. Geniet hom…

Dit was goed om te sien hoe julle sukkel met die laaste klomp. Selfs die Sandvlooi modelle was nie heeltemal maklik opgelos nie. Onthou – die doel is om julle te laat dink…

# So kamp ons vriende in die verre Noorde - Noorweë

*Deur Niël Goslett*

Soek jy 'n ware sneeubedekte Kersfees – spandeer jou Desember vakansie in Noorweë. Ek glo nie jou Sprite / Gypsy of Jurgens is juis gebou vir die koue nie, maar dit wat ek gesien het sal jou beslis lusmaak vir 'n sleepvakansie in die wild vreemde land. Jou kinders sal jou ook beslis glo dat jy nou baie naby Kersvader se speelgoedfabriek kuier – dit is nou as hy in Lapland woon.

Ek was gelukkig genoeg om 'n naweek vir myself te hê tydens 'n onlangse besigheidsbesoek aan 'n maatskappy in Bergen, Noorweë. Gelukkig was dit nog aan die einde van hul Somer en die weer was baie aangenaam. Met 'n vorige besoek was dit in hul winter – grou en koud. Ons gasheer was so gaaf om ons op 'n fjord toer te neem rondom die Hardangerfjord – een van die groot fjords in die suid-weste van Noorweë. Hierdie fjord is bekend vir sy uitsigte, watervalle en vrugteboorde. Die ander groot fjords is: die Nordfjord, die Geirangerfjord, die Sognefjord en die Lystefjord. Fjords het hul oorsprong in opeenvolgende ystydperke waar gletsers diep vore in die landskap tot in die see gemaak het.




**Kaart van Noorweë en Bergen area met die Hardangerfjord in die vergroting.**

Wat 'n belewenis! Die enigste vergelyking wat ek kon tref was om Knysna se bosse en die Drakensberge saam te gooi, en dit in Noorweë neer te sit. Dis werklik welig groen, met majestueuse berge oral rondom jou, met baie water. Dit is nou op seevlak en die eerste paar honderd meter bo seevlak. Die hoërliggende gedeeltes is 'n ander storie – vrek koud en soms spierwit. Daar is feitlik nêrens gelykgrond nie.



**Die paaie is maar nou, maar die bestuurders baie bedagsaam.**

Dit wat daar is word behoorlik benut. Die eerste waarneming is dat die huise ŉ redelike klein grondoppervlak beslaan, maar dat amper almal veelverdieping geboue is. Dus kan hulle dit staanmaak teen die rante - met die mooiste uitsigte.

Meeste van die kampplekke wat ek gesien en besoek het was teen aan die fjord geleë. Jou eerste gewaarwording van die fjord is een groot meer – omring deur hoë berge. Dis egter seewater wat so plat en sonder branders is – met seevisse, voëls en vissersbote. Die getyverskille is nie veel nie, daarom die vergelyking met ŉ dam.


**'n Kampeerarea reg langs die fjord.**


**Vrugtekiosk met sy geldbakkie langsaan - onbeman!**

Die area rondom die Hardangerfjord is hoofsaaklik vrugtebome en landbou. Veral pruime, kersies en “morelle” – ŉ tipe kersie, word verbou op plase wat vir ons sou lyk na bestaansboerderye – baie klein. Die vrugte word ook soos hier langs die pad verkoop, maar dis waar die vergelyking stop. In die klein kiosk is rakke waarop die vrugte uitgestal word, netjies verpak in bakkies. Langs die vrugte is ŉ “roomysbak” waarin jy jou geld plaas en kleingeld uithaal vir wat jy ookal sou neem. Dink daaraan – sou dit nou hier by ons werk?!


**Huisies langs die fjord**


**Die klein dorpie Utne – vanaf die ferrie.**

Sou stap of fietsry jou stokperdjie wees, sal jy jouself hier gate uit geniet. Die paaie is nie baie breed nie; maar met ŉ spoedbeperking van hoogstens 80km/h op streekspaaie en 90km/h op hoofpaaie. Die verkeer is dus baie kalm. My ervaring was dat die padgebruikers baie bedagsaam was op mekaar en ook op fietsryers en voetgangers. Verkeersreëls word deur almal nagekom – iets om te aanskou.

Motorwoonwaens (motorhomes) het ek honderde van gesien – in verskillende groottes, vorme en kleure. Dit is duidelik dat die grootte van die mark ook die geriewe bepaal. Daar was meer oornaggeriewe vir die motorwoonwaens as wat ek gesien het vir woonwaens. Die geriewe is ook goed gemerk en toegerus met vuilwater ontlaaipunte, skoonwater aanvulling. Die meeste motorwaens was Duitse toeriste wat die land deurkruis het. Die afstand na die res van Europa is nie so groot nie, dus is daar baie internasionale besoekers wat deur die land toer. Die met wie ek gesels het, ry deur die suid-weste van die land en besoek die besienswaardighede rondom die fjords. Die noorde is baie koud en bo-kant die arktiese sirkel geleë.

Die somer toerseisoen is baie kort. Ek was teen die middel van Augustus daar en dit was net na hul lang somer vakansie – soos die middel van Januarie by ons. Die seisoen strek van 15 Mei tot 15 September – slegs vier maande. Enigiets buite daardie tyd word gesien as winterseisoen. Baie van die kampplekke is dan gesluit. Daar is 'n winterseisoen wat veral gekoppel is aan die wintersporte. Een van die dorpe wat ons besoek het – Voss – het juis die eer dat hulle die dorp met meeste olimpiese atlete het – almal vir wintersport.

Die woonwaens wat ek gesien het, is almal vol grote waens – niks met opslaan dakke nie. Die rede is natuurlik die weer wat 'n groot rol speel. Het jou woonwa sentrale verhitting – nie – wel hulle het. Die uitleg is ook meer luuks as waaraan ons gewoond is. Die koste sal egter daardie woonwaens buite ons mark plaas. Kyk 'n bietjie op www.adria-mobil.com en www.caravan-advice.co.uk/caravan-manufacturers.html as jy Europese woonwaens wil sien. Onthou jy nog toe woonwaens meer as vier mense kon slaap – hoe klink 7 - in behoorlike gerief. Vir my het ons woonwaens 'n mooier vorm – dalk omdat ons so gewoond geraak het daaraan.



**Die ontvangs kiosk by Lothe Camping – OG Badeplass.**



**Die grasperk vir kampeerders, met die vrugtebome op die agtergrond.**

So wat kos so 'n kampplek vir 'n woonwa? Die een waar ek navraag gedoen het, was Lothe Camping – OG Badeplass. Dit is téén die fjord geleë. 'n Mens kan nie hier van 'n klipgooi praat nie – die gras loop tot teen die see – pragtig. Volgens hulle standaarde het dit 'n twee-ster gradering. In rand terme kos dit R180 per nag (NOK 120) vir die staanplek en R45 per nag (NOK 30) vir die gebruik van jou kragpunt. As jy in ag neem dat Noorweë een van die duurste plekke in die wêreld is, dan vergelyk hulle kampkostes baie goed met ons

kostes. So terloops, ons selfsorg hotelkamer het R1800 per nag gekos. Dit maak kampering 'n baie aanloklike opsie vir toekomstige besoeke.

Om in Noorweë rond te ry, gaan jy baie gebruik maak van ferries – dit is nou die bote wat gebruik word om mense en voertuie oor die water te neem. Die kostes is redelik en kan vergelyk word met ons tolpaaie. Daar was verskeie kere wat ons die ferries moes gebruik. Die bote akkommodeer selfs toerbusse, so, 'n motor en woonwa is geen probleem nie. Die ander gerief waarvan daar baie is, is tonnels om deur die berge i.p.v. oor of om die berge te ry.



**Die ferrie neem enige grote voertuie – selfs toerbusse.**



**Die 1.2 km lange Okslatonnel is een van vele wat jou op redelike gelyk paaie hou.**

Wat is daar i.t.v riglyne? Jy ry daar aan die regterkant van die pad. Dit neem 'n rukkie om aan gewoond te raak, veral as jy by verkeersirkels of groot interseksies kom. Vanaf middel Oktober tot middel Mei is winterbande verpligtend. Daar is twee tipes. Een met "spykers" in – dit raas nogal as jy daarmee ry, en 'n gewone rubber tipe met 'n spesiale loopvlak. As jy 'n swaar (>3.5t) motorwa gaan ry, moet jy ook sneeukettings saamry. Veiligheidsgordels is verpligtend – ook vir die passasiers. Almal met wie ek gepraat het, was Engels magtig. Nou nie die Queen se Engels nie, maar goed genoeg sodat ons mekaar behoorlik kon verstaan.



**Hierdie twee vriende kamp by 'n damwal hoog in die berge. Jy mag amper op enige plek kamp…**



**Die skrywer en sy gasheer - Morten Jervell Pettersen op die Folgefonn gletser**

Kostes vir kampering wissel van R120 – R240 (NOK 80 – 160) per nag vir 2 – 3 ster-graderings, en R180 - R525 (NOK 120 – 350) per nag vir 4 – 5 ster-graderings. Indien jy slegs per motor wil toer, maar steeds in die

woonwaparke oorbly, kan jy huisies (cabins) huur teen tussen R375 en R1500 (NOK 250 – 1000) per huisie per nag afhangende van die fasiliteite en gerief. Petrol is relatief duur, alhoewel hulle 'n olie-produserende land is – R20 per liter.

Hoe is hulle kos? Wel, as jy van vis hou, dan is hierdie die plek vir jou. Dit is 'n stapelvoedsel, en jy kan vir jou ook jou eie salms vang in die fjord. Van die vleisdisse wat ons probeer het, is: rendier (Rudolph), "Deer" (Bambi), moose en walvis. Noorweë is van die min lande wat steeds walvis jag en kommersieel gebruik. Hoe smaak dit? – Dit is 'n rooivleis en smaak (vir my) soos kalfsvleis. Kos is beslis nie goedkoop nie, veral as dit reeds gaargemaak is. Drank is onbekostigbaar teenoor ons pryse a.g.v. die hoë belastings daarop. 'n Bier kos enigiets vanaf R50. 'n Pakkie vars pruime by die plaasstal – R60, 'n liter melk by 'n geriefswinkel – R20. Om te vergelyk moet jy egter weet – hierdie is nie 'n arm land nie. Daar is geen armoede te sien op enige plek (waar ek was) nie. Skool is verpligtend, so almal het 'n baie hoë vlak van opvoeding.



**Vrugtemark – op Bergen se markplein. Onthou die wisselkoers is ~R1.50 vir een NOK.**



**Salm-, Garnaal- Walvis en Krapvleisbroodjies. Seekos is 'n stapelvoedsel.**

Sou ek 'n besoek daarheen aanbeveel? – Beslis. Dit is een van die mooiste lande wat ek nog besoek het. Beide die winter- en somermaande het hul eie bekoring. Indien jy die besoek kan inpas by jou besoek aan jou kinders of familie in Europa, doen dit beslis. Dit is 'n onvergeetlike ervaring in 'n eerstewêreld land met die wonderlikste natuurskoon.

Verdere leeswerk:
Die "European Federation of Camping Site Organisations" gee 'n goeie boek uit – Norwegian Camping. Ek het 'n kopie daarvan, maar dit kan ook elektronies afgelaai word vanaf www.camping.no se webwerf.

As jy toegang het tot die internet, besoek gerus die volgende webwerwe:
www.visitnorway.com, www.camping.no, www.campingeurope.com
www.adria-mobil.com
www.caravan-advice.co.uk/caravan-manufacturers.html

As jy nie internet toegang het nie, besoek jou naaste boekwinkel en gaan kyk na hul reisboeke. Daar sal een wees oor Noorweë / Skandinawië.

# Die reën in ons streek…

*Inligting verskaf deur Oom Dave Griessel*

Daar is seker min van ons wat nie gewonder het wanneer die lente dan nou uiteindelik gaan aanbreek nie. Die reënweer en gepaardgaande koue was maar die grootste deel van die jaar met ons. Dit het ons selfs so rondom die kampe ŉ bietjie nat gemaak. Die AJV was in reënweer gehou, dit het gereën op pad na Hollandsche Molen, dit het gereën net voor die senior kamp by Van Zyl’s Rus… julle kry die prentjie.

Oom Dave Griessel het sy reëndata vir ons beskikbaar gestel van die afgelope 10 jaar. Die statistici onder die Sawanante is welkom om die syfers te gebruik om ŉ voorspelling vir die jaar te waag. Wat gaan ons reënval vir die jaar wees by oom Dave se huis?

Vir die van julle wat meer presiese inligting soek – Oom Dave en Tannie Koekie bly in Parow – sy adres is voor in die boekie.

| | 1998 | 1999 | 2000 | 2001 | 2002 | 2003 | 2004 | 2005 | 2006 | 2007 | 2008 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jan | 3 | 4 | 20 | 14 | 86.75 | 4.5 | 6.5 | 25.5 | 1.75 | 4.5 | 13.5 |
| Feb | 5 | 0 | 0 | 11 | 20.75 | 16.5 | 2.5 | 9.75 | 13.5 | 30.25 | 14.25 |
| Mar | 0 | 0 | 14.5 | 2 | 17.5 | 57 | 13 | 11 | 6.5 | 21 | 6 |
| Apr | 42 | 67.5 | 3.5 | 52.25 | 31.5 | 12.25 | 72 | 92 | 32 | 66.75 | 21.5 |
| Mei | 146 | 44.5 | 55.25 | 103.75 | 60.5 | 41 | 5.25 | 80 | 116 | 82.25 | 70.25 |
| Jun | 64.5 | 89 | 84.5 | 56.5 | 71.25 | 29.75 | 94.5 | 117.75 | 80 | 115.5 | 83 |
| Jul | 112 | 111.5 | 76.5 | 278.5 | 99.25 | 39.5 | 78.75 | 52.25 | 75 | 151 | 180.5 |
| Aug | 70.5 | 177 | 53.5 | 185 | 100.5 | 119 | 79 | 95.75 | 87 | 106.75 | 90.75 |
| Sep | 30 | 132 | 92.25 | 81.5 | 27 | 79.5 | 35.5 | 43.75 | 32 | 31 | 155.5 |
| Okt | 12 | 0 | 12.5 | 41.75 | 38 | 43.25 | 126.25 | 25.5 | 26.5 | 32.25 | |
| Nov | 63.5 | 25 | 8.5 | 16 | 27 | 1 | 6 | 14.75 | 24.25 | 37.75 | |
| Des | 69 | 25 | 11.5 | 13.5 | 25 | 23 | 8.5 | 1 | 15 | 23.75 | |
| *Totaal* | 617.5 | 675.5 | 432.5 | 855.75 | 605 | 466.25 | 527.75 | 569 | 509.5 | 702.75 | 635.25 |

Hier is ŉ paar syfers wat jy kan gebruik in jou berekening vir 2008 se totale reënval:

| | |
|---|---|
| Reën tot op datum vir 2008: | 635.25 mm |
| 10-jaar gemiddelde reënval vir Okt.: | 38.8 mm |
| 10-jaar gemiddelde reënval vir Nov.: | 22.375 mm |
| 10-jaar gemiddelde reënval vir Des: | 21.525 mm |
| 10-jaar gemiddelde reënval per jaar: | 596.15 mm |
| Hoogste jaarlikse reënval in 10 jaar: | 855.75 mm (2001) |
| Laagste jaarlikse reënval in 10 jaar: | 509.5 mm (2006) |

*(Wie wil dit waag om die totale reënval vir die jaar te voorspel? – Red.)*

# Verjaarsdae

| November | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3 | Carla Smit | 10 | Marius Beukman | 25 | Tinkie de Kock |
| 6 | Christelle van Zyl | 23 | Anton Kruger | 27 | Maggie Wilson |
| 6 | Dave Griessel | 23 | Alec Foster | | |

| Desember | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2 | Johan Rossouw | 10 | Elmarie Botha | 20 | Martin Booker |
| 6 | Jean Heyneke | 15 | Andre Schillig | 24 | Judith Hagen |
| 8 | Ilona Bruwer | 17 | Belia Mouton | 28 | Corna du Raan |

| Januarie | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 6 | Neel Nigrini | 12 | Hanna Goslett | 27 | Paul Steyn |
| 8 | Theresa Scheepers | 18 | Wanda Blignaut | 31 | Herman Gerber |

| Februarie | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2 | Mia Louw | 14 | Marieta Gerber | 15 | Pierre Basson |
| 3 | Spook Els | 14 | Martie Kruger | 26 | Evert Lategan |
| 13 | Marieta Gerber | 14 | Archie Mitchell | 29 | John McDonald |

# Jeug Verjaardae



| November | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 14 | Willem (Jr.) Conradie | 27 | Kobus Oosthuizen | | |

| Desember | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Janice Heyneke | 17 | Pieter Basson | 25 | Janine Heyneke |
| 6 | Jandre du Raan | 18 | Ruan van Zyl | | |

| Januarie | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 16 | Alicia Havenga | 24 | Loriaan Kruger | 29 | Kevin Williams |
| 18 | Elmarie Steyn | 25 | Mike Kirsten | | |

| Februarie | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 11 | Rouxle Marais | 15 | Janus McDonald | 20 | Madeli Kruger |
| 12 | Mar-Louise Vermeulen | 17 | Gerhardus Theron | 23 | Elouise Havenga |
| 14 | Kristie Goslett | 18 | Junior Rowe | 26 | Gustav Schillig |

# Lief en Leed


**Wilanda Prinsloo in aksie - sleepvrou van die jaar.**

**Lief:**

- Oom Barend en Tannie Judith Hagen het 'n agterkleinkind ryker geword.
- Wilanda Prinsloo – Oom Blikkies en Tannie Wanda Blignaut se dogter, het die nasionale kompetisie gewen vir Sleepvrou van die jaar.

**Leed:**

- Oom Hennie van Niekerk is op 20 September oorlede.
- Marieta Gerber se ma is op 13 Oktober oorlede.
- Paul Steyn was met hartprobleme opgeneem in die hospitaal.
- Ron en Judy Hendra se dogter was vir waarneming in die hospitaal.
- Pieter Henning herstel goed na 'n breuk-operasie.
- Carla Smit het 'n warmwatersilinder voorval in haar huis gehad tydens die Yzerfonteinkamp.

Ons wens hierdie lede sterkte toe en dink aan hulle in ons gebede.

---

## Briewe van ons lesers.



Ons wil graag 'n briewekolom insluit in die nuusbrief waar lede hul konstruktiewe menings oor verwante sake kan stel. Voel asb. vry om enige kommentaar / te ruil / te koop inligting in te stuur na die redakteur se kontakinligting, of gee dit sommer in op die voorstelle-strokie tydens 'n kamp. Ons plaas dit graag.

-----------✂-----------------------------------------------------------------------------------

**Vir die Voorstelle-kissie:**

My voorstel is: ………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………..


Ek hou van: ……………………………………………………………………………

Ek hou nie van: ………………………………………………………………………

Naam:………………………………………… Datum: ……………………………

# Huldeblyk aan Hennie van Niekerk

*Deur Oom Dave Griessel*



Hennie is gebore op 11 September 1934 in Observatory en was die tweede kind van drie. Hy begin sy skool-loopbaan in 1941 te Beaufort-Wes en matrikuleer in 1953 ook in Beaufort-Wes. Hy gaan bekwaam homself as onderwyser by die Onderwyskollege te Wellington en gaan spesialiseer in houtwerk vir een jaar in die Paarl.

Hy begin sy onderwys loopbaan by die Laerskool in Bellville-Suid, daarna is hy na Boston Primary en tree aan die einde van 1992 af by die Westcliff skool.

Op 29 Maart 1958 tree hy en Elize in die huwelik en uit die huwelik is daar vier kinders gebore waarvan een seun reeds oorlede is.

Hennie sal onthou word as ŉ mens wat altyd na aan sy Skepper geleef het en was baie lief vir mense. Vir sy hande het daar niks verkeerd gestaan nie en hy het ook alles reggemaak of iets geskep uit niks. ŉ Mens kon vir ure na sy vertellings luister omdat dit met soveel detail vertel is. Ons in SAWA sal hom altyd onthou as ŉ stil man maar veral vir die boodskappe wat hy op Sondae vir ons gebring het.

Ons wens vir Elize alle sterkte toe vir die tyd wat voorlê en bid haar Gods rykste seën toe.

# Kompetisie!



Ons kompetisie het 'n heerlike prys – 'n naweek tydens die Nasionaal by Mountain Breeze in 'n motorwoonwa (Spirit 5 lux) geborg deur **Maui – Britz in Brackenfell**. Die Spirit 5 lux is toegerus met 'n chemiese toilet, yskas, mikrogolf oond, lugversorger asook 'n stort. Dit het slaapplek (en beddegoed) vir tot 5 mense. Jy bring net jou eie kos. Die res word voorsien.

Die kompetisie reëls is:

1. Jy moet 'n SAWA lid, ingeskakel by Suidwes-Kaap wees.
2. Jou nuusbrief gelde vir die jaar moet betaal wees. As jy dit nog nie gedoen het nie – betaal jou R50 voor jy inskryf.
3. Jy moet die vrae op die kompetisie beantwoord.
4. Jou inskrywing moet voor of op Sondag 18 Januarie 2009 by Van Zyl's Rus in die voorstelle-kissie wees, of per pos of e-pos gestuur wees aan die redakteur. Geen laat inskrywings word aanvaar nie.
5. Die prystrekking word gedoen tydens die skimkamp.
6. Die motorwoonwa is reeds vir die wenner bespreek – 20 tot 22 Maart 2009, tydens die Nasionaal by Mountain Breeze.
7. Daar word van die wenner verwag om die naweek saam met ons te kamp.
8. Die wenner moet bo 25 jaar oud wees, en aan die vereistes voldoen om 'n motorwoonwa te bestuur.
9. Die wenner moet bereid wees om sy ervarings met die motorwoonwa met Die Sawanant te deel vir 'n opvolg artikel.
10. Die uitslag van die organiseerders is finaal.
11. Die prys kan nie geruil word vir kontant nie.
12. Die wenner is self verantwoordelik vir bandstof en versekerings-kostes vir die naweek, soos gehef deur die borg.

-----------✂-----------------------------------------------------------------------------

**<u>Kompetisie:</u>**

Naam en Van: ………………………………………………………………………..

SAWA Lidnommer: …………………………………………………………......

Vraag 1: Watter maatskappy borg die motorwoonwa?

…………………………………………………………………………………………..

Vraag 2: Waar in ons streek is die depot waar jy 'n motorwoonwa van ons borg kan huur?

…………………………………………………………………………………………..

# Suidwes-Kaap se Volgende Kampe en Datums

| Datum | Plek | Voogdegroep |
|---|---|---|
| 18 – 19 Oktober | Yzerfontein | Ohna Oosthuizen |
| 15 – 16 November | Mountain Breeze (Kerskamp) | Karin Augustyn & Johan Oosthuizen |
| 17 - 18 Januarie | Van Zyl's Rus | Martin Booker |
| 21 – 22 Februarie | Skimkamp | Pieter Henning |
| 21 – 22 Maart | Mountain Breeze (Nasionaal) | Ondervoorsitter |
| 18 – 19 April | Ganzekraal | Niël Goslett |
| 1 – 3 Mei | Montagu | Loeries |
| 25 – 26 Julie | Goudini | Johan Havenga |
| 22 – 23 Augustus | Ou Skip (AJV) {Walvis} | Ondervoorsitter |
| 5 – 6 September | 100+ Mountain Breeze | |
| 18 – 19 September | Hollandsche Molen | Nuwe bestuur |
| 10 – 11 Oktober | Kongres | |
| 17 – 18 Oktober | Yzerfontein | Nuwe bestuur |
| 24 – 25 Oktober | Bestuurskamp - Quaggaskloof ~ slegs bestuur | |
| 14 – 15 November | Mountain Breeze (Kerskamp) | Nuwe bestuur |
| 5 – 6 Desember | Imhoff (Tuisblyers) | Nuwe bestuur |
| **Gesamentlike Kampe (Gebied Goeie Hoop)** | | |
| 21 – 22 Maart | Mountain Breeze – Nasionaal | |
| 22 – 23 Augustus | Ou Skip – AJV | |
| 5 – 6 September | Mountain Breeze - 100+ | |
| 10 – 11 Oktober | Kongres | |
| 24 – 25 Oktober | Bestuurskamp - Quaggaskloof ~ slegs bestuur | |

# Gebied Goeie Hoop – 2008/09 Kampe en Datums

| Albatros | Helderberg | Noord-Boland |
|---|---|---|
| Voorsitter:<br>**Cor Stofberg**<br>corstofberg@gmail.com<br>Tel: 083 3101 206 | Voorsitter:<br>**Jurie Hayes**<br>elzah@absa.co.za<br>Tel: 083 788 8530 | Voorsitter:<br>**Johan du Preez**<br>rentatool@telkomsa.net<br>Tel: 082 935 2210 |
| 8-9 November<br>Mountain Breeze | 28-30 November<br>Imhoff (Kerskamp) | 15-16 November<br>Hollandsche Molen |
| 17–18 Januarie<br>Imhoff | 17-18 Januarie<br>Ou Skip | 17-18 Januarie<br>Kambati |
| 21-22 Februarie<br>Yzerfontein | 13-14 Februarie<br>Bergrivier | 21-22 Februarie<br>Quaggaskloof |
| 28 Februarie<br>[ DANS ] | 4-11 April<br>KKNK-TOER | 28-29 Maart<br>Slanghoek – Nasionaal |
| 25-27 April<br>Dwarskersbos | 25-27 April<br>Yzerfontein | 25-27 April<br>Theewaterskloof / Dennehof |
| 23-24 Mei<br>Hollandsche Molen | 30-31 Mei<br>Quaggaskloof | 29-31 Mei<br>Goudini |
| 20-21 Junie<br>Millerspoint | 18-19 Julie<br>Goudini | 7 – 10 Augustus AJV - Appelkosie |
| 25-26 September<br>Montagu | 24-27 September<br>Skimkamp | 25-27 September<br>Nightsky |
| 17-18 Oktober<br>Bergrivier | 17-18 Oktober<br>Hollandsche Molen | 30 Okt. – 1 Nov.<br>Skurwekop |
| 21-22 November<br>Mountain Breeze (Kerskamp) | 28-29 November<br>Imhoff – (Kerskamp) | 14-15 November<br>Silwerstrand (Kerskamp) |

# Leer ken ons mede Suidwes-Kaap lede

Deur Niël Goslett

Hierdie blad se ontstaan is te danke aan verskeie lede wat gevra het om meer te wete te kom oor hul mede Suidwes-Kaap lede. Nou ja, onthou net, dis nie net vir ander leer ken nie, deel ook asb van jouself wanneer jy gevra word.

## Nelius en Mia Louw



**Anche, Mia, Bertus en Nelius Louw**

Nelius en Mia Louw boer op die plaas Rondomskrik naby Malmesbury. Hulle is al ‘n jaar lank lede van SAWA. Julle sou seker gesien het dat Mia die woonwa Yzerfontein binne gesleep het. Wel, dis ter voorbereiding vir die Kerskamp by Mountain Breeze. Vir Nelius is dit oestyd, maar Mia wil kom kamp, so sy sleep self Kerskamp toe.

Mia skryf self oor die bekende naam van hul plaas:

Ons plaas se naam is Rondomskrik. Ja, soos in 7de Laan, oom Oubaas se plaas!

Rondomskrik was oorspronklik deel van Tweekuil, die eerste veepos uitgegee in die Swartland -distrik deur Goewerneur Willem Adriaan van der Stel.

Tweekuil was uitgegee aan ŉ Mnr. Lochner, maar hy het net dogters gehad. Een van die dogters is toe getroud met ŉ Louw. Tweekuil is vandag nog in die

hande van hierdie Louws, asook Rondomskrik. Rondomskrik is in April 1958 gekoop deur LPJ Louw van Tweekuil.

Die oorsprong van die naam Rondomskrik is nie seker nie. Dokumentasie bestaan waar die naam as Rondomschrift aangedui word – so moontlik net 'n verkorting of verdraaiing van die naam wat oor tyd plaasgevind het.

Die ou vertaling van die Bybel word daar in Psalm 31 vers 14 en Jeremia 6 vers 25 verwys na "skrik rondom" wat moontlik beteken "gevaar oral om". Daar word vertel dat die vee-wagters bang was vir alles om hulle, toe kom soek hulle veiligheid op Rondomskrik omdat die plaas geleë is op 'n koppie in die laagte.

Ons is geleë in die Malmesbury distrik, op die R45, 7km vanaf die N7 in die rigting van Hopefield. Tans boer ons met koring, wingerd en vee. In Januarie 2009 gaan ons ook gaste akkommodasie aanbied.

Groete
Nelius en Mia Louw, en kinders.

---

## Mamma

In die Hemel was 'n kind gereed om gebore te word. Die kind vra vir God: "Ek weet dat u my môre aarde toe gaan stuur, maar hoe sal ek daar oorleef? Ek is maar klein en hulpeloos." God antwoord: "Ek het daar vir jou 'n spesiale engel uitgesoek. Sy sal vir jou lief wees en jou versorg." "Al wat ek hier in die hemel gedoen het, Here, is om te sing en te glimlag. Wat gaan ek op aarde doen? Ek ken nie die liedjies daar nie." "Jou engel sal vir jou sing", antwoord God. "…en sy sal vir jou ook leer hoe om te sing. En jy gaan boonop leer om te lag en te glimlag. Ek en jou engel sal daarvoor sorg." "Maar hoe sal ek verstaan wat die mense vir my sê? Ek ken geen enkele woord van die taal wat hulle praat nie." "Jou engel sal die mooiste dinge sê wat jy ooit sal hoor en sy sal jou woord vir woord leer om die taal te praat." "En wanneer ek met U wil praat… wat dan?" " Jou engel sal jou handjies mooi tesame vou en jou leer. Daardie taal is die heel maklikste. Dit word gebed genoem." "God, wie sal my daar beskerm?" " Jou engel is saggeaard en lieftallig, maar as iets jou bedreig, is daar geen sterker mag op aarde as die krag waarmee sy jou sal verdedig nie." " My hart is seer omdat ek U nie weer sal sien nie." "Jy sal My nie sien nie, maar Ek sal altyd by jou wees, en jou engel sal jou altyd die pad na My wys as jy afdwaal." Toe was dit tyd om te groet. Opgewonde stemme het van die aarde af opgeklink. Die mense kon nie meer wag dat die kind kom nie. Vir oulaas vra die baba saggies: "God, sê tog voor ek gaan, wat die naam van my engel is." Hy antwoord: "Die naam van jou engel is… MAMMA."

Verskaf deur Tannie Wanda Blignaut

En laastens:

# Uit die hart van ‘n kind

Liewe, liewe Jesus

Ek hoop nie ek is laat met my brief nie, want Oupa is baie siek. Nou wil ek vir Liewe Jesus gou-gou vertel wat Oupa van hou, en nie hou nie, sodat as hy in die hemel kom, als reg sal wees.

Liewe Jesus, sê vir Ouma sy moet die afval en doekpoeding reghou, want ek dink Oupa sal baie honger wees as hy daar kom. Jy weet self hoe ver is die hemel van die aarde af, en as mens so lank gery het, is mens baie honger.

Sorg tog asseblief dat daar baie boeke is, want Oupa het graag gelees toe hy nog gesond was. Hy hou niks van katte nie, want die hare laat sy bors toetrek. Hy’s mal oor honde, so dit sal goed wees as Liewe Jesus vir Brak wat verlede jaar dood is, daar kan hê. O ja, Liewe Jesus, Oupa snuif – hy snuif net Singleton. Dit sal nie help om anner snuif te koop nie.

Dan net ŉ laaste ou gunsie. My Oupa het nooit van blink goeters gehou nie. Nou lees ek in die Bybel, in die hemel is die strate van goud. Ag Jesus, dis nie dat Oupa ondankbaar is nie, maar hy sal veel meer daarvan hou om in die veld tussen die voëltjies en die diere te bly. So ‘seblief, as Ouma daar by die blink strate bly, laat sy asseblief dadelik bos toe trek, want as Oupa daar kom moet sy by hom wees.

Ek dink ek’t nou als gesê wat ek moet. Stuur hierdie drie XXX vir Ouma.
Ek lief Jou duisend Liewe Jesus.

Lise-Marie

Verskaf deur Tannie Sippie Henning

## Sleep Resepte

Hierdie keer: Ontbytkos… Probeer hierdie een vir Sondagoggend – kook die aartappels al die vorige aand.

## Frittata

Dis hoe die Spanjaarde hul omelet vir ontbyt eet.

Voorbereidingstyd: 20 minute / Gaarmaaktyd: 20 minute / Genoeg vir 6 mense

3 aartappels, geskil
2 uie, in skywe gesny
10 ml (2 t) fyn gekapte knoffel
Olyfolie
1 soetrissie, ontpit en in repies gesny
250 g salami, in blokkies gesny
6 eiers
200 ml melk
200 g mozzarellakaas, gerasper
50 g parmesaankaas, gerasper
1 pakkie olywe, gesnipper
Sout en peper na smaak

Kook die aartappels tot gaar, laat dit afkoel en sny in blokkies. Braai die uie en knoffel in 'n bietjie olyfolie in 'n platboompot. Voeg die soetrissie, salami en die gaar aartappelblokkies by. Klits die eiers en melk saam, giet oor alles in die pot en sit die deksel op. Wag tot die eiers gestol het en garneer met mozzarella- en parmesaankaas en olywe. Geur met sout en peper na smaak.

*Wenk: Die salami kan vervang word met ham of worsies, en jy kan ook gekapte spinasie of aspersies in plaas van of saam met die soetrissie byvoeg.*

*Uit: Voetspore Kookboek – Johan Badenhorst*


South Africa's most prestigious
Motorhome & 4X4 Rental Company!
www.maui.co.za
maui
Spirit of Independence
Tel: 011 396 1445
E-mail: maui@iafrica.com
www.britz.co.za
No Boundaries
Britz
4x4
Rentals
Tel: 011 396 1860
E-mail: info@britz.co.za